Arbor
Fairland Pre-Primêr

bostelegraaf
Episode 1

Ons Jaartema vir die jaar is

"Een keer om die son"

Ons reis om die son het reeds begin, en ons kan nie wag om julle saam met ons op hierdie reis te neem nie. Hierdie jaar gaan ons meer intensioneel leef en herinneringe skep.

Mooi herinneringe is soos 'n goedgebruikte padkaart: Dit vertel die storie van ons reis. Die skep van mooi herinneringe gebeur nie toevallig of per ongeluk nie. Ons moet doelbewus besluit om ons kinders se geheuebank met kosbare herinneringe te vul. Daarom gaan ons van nou af elke maand vir julle 'n aktiwiteit gee om saam as gesin te doen om 'n blywende herinnering te skep. Of dit nou is om op 'n Saterdag op die gras te lê en prentjies in die wolke te soek, malvalekkers braai, tafeldek saam met mamma, braaivleisvuur pak saam met pappa. Hierdie klein goedjies gaan uiteindelike kragtige herinneringe word.

Herinnering vir Episode 1

Soek prentjies in die wolke!

Gaan lê plat op jou rug op die gras saam met Mamma en Pappa en soek prentjies in die wolke. Kyk ook sommer om julle die verskillende wolke saam kan identifiseer.

Verwelkomingsdag

2025

– ’n Jaar vol drome, vol planne, vol hoop, vol positiewe vooruitsigte.
’n Vars begin op ’n skoon blaadjie.

Ons het al ons nuwe maatjies en ouers verwelkom met ‘n lekker nuwejaarspartytjie!

Daar was ‘n heerlike koek, Skobbejak se heerlike koffie en ‘n springkasteel vir die maatjies om op te baljaar!

Ons het selfs ‘n glasie (nie-alkoholiese) vonkelwyn op die nuwe jaar geklink!

Eerste Skooldag

Vir ouers is die eerste skooldag van elke jaar bittersoet. Jy is opgewonde om hierdie pragtige kleinding te sien blom, maar dit is ook baie swaar om hulle te laat gaan, want dan besef mens hoe vinnig hulle groot word!

Ons eerste skooldag vir 2025, 15 Januarie, was **vol opwinding**, al was daar ook ‘n paar trane! Maatjies was bly om mekaar weer te sien, hulle was bly om in hulle nuwe klassies te wees en om hulle nuwe juffrouens te leer ken! So die paar trane was sommer gou vergete en ons maats het al te lekker gespeel!

Ou en nuwe maats het goed aangepas in hulle nuwe klasse en hier by Arbor word heerlik **gespeel, gelag, gewerk en geleer.**

Ons weet híérdíé spesifieke deel van die reis om die son gaan ‘n reis vol leer, vriendskappe, onvergeetlike oomblikke en kosbare herinneringe wees.

Buitemuurs

Ons demonstrasieklasse vir ons buitemuurse aktiwiteite het van 20 - 30 Januarie plaasgevind.

Hierdie demonstrasielesse was gratis, en almal kon elke aktiwiteit probeer!

Bak en Brou

Ons het Vrydag, 31 Januarie, afgeskop met lekker Bak-en-Brou.

Ander

Personalia

Ons kondig met trots ons nuut aangestelde juffrou in die Jakarandaklas aan

Juf. Marelize Nel

Sy is getroud met Roelof en is mamma van drie pragtige kindertjies, Marni, Hugo en Ruvan. Marelize het op ‘n plaas in Petrus Steyn in die Vrystaat groot geword en het aan Hoërskool Reitz gematrikuleer het. Na matriek het sy vir ‘n jaar lank in Duitsland gaan Au Pair.

Sy het haar graad in BEd Grondslagfase aan die Noordwes Universiteit verwerf en haar Honneursgraad in Opvoedkundige Sielkunde gedoen. Sy het ook in Suid-Korea gaan Engels gee.

Ons weet Juf. Marelize gaan voel reeds tuis by Arbor, en dat sy nog baie lang en gelukkige jare hier sal hê.

> The happiest people don’t have the best of everything, they just make the best of everything.

Interessante feite oor Juf. Marelize

Gunsteling kleur: “Duck egg”

Gunsteling gereg: Ek hou eintlik van alle soorte kos, maar seker maar sushi, want ek kan dit nie selfmaak nie.

Gunsteling fliek: “It ends with us” en ek sal seker nog ‘n 1000 keer The Notebook kan kyk.

Gunsteling liedjie: Op die stadium ‘Someone like you’ van Banners

Gunsteling plek in die wêreld: Op my ouers se plaasstoep in die Vrystaat!

Stokperdjies: Ek geniet dit om nuwe resepte uit te toets en hou baie van bak!

Dit is ook vir my heerlik om reg te pak!

Tannie Carina

Tydens Januarie het Carina haar verjaarsdag gevier!

Ons wonderlike eienaar, Tannie, of te wel Ouma Carina, is baie geliefd by Arbor. Die kleuters geniet dit om in haar kantoor te gaan kuier, bietjie te "werk" en 'n lekker soet bederfie te kry. Sy is altyd daar vir al die kleuters, ouers en personeel en wil net die beste vir hulle hê.

Baie dankie vir al jou liefde en omgee vir almal wat deel is van Arbor.

Interessante feite oor Ouma Carina

> Wees altyd jouself, daar is net een soos jy!

Gunsteling kleur: Rooi en geel, met so titseltjie groen by.

Gunsteling gereg: Hoender en aartappels in enige vorm.

Gunsteling fliek: "Under the Tuscan sun", "Paris can wait", "Chocolat", "The Notebook", en dan het ek ook 'n GROOT liefde vir Afrikaanse flieks - Pad na jou hart, Vir die Voëls, en nog vele meer.

Gunsteling liedjie: "Il Mondo" van Il Volo. Ek lief alle vorme van musiek, maar my gunsteling is klassieke musiek en Italiaanse musiek, soos Andrea Bocelli, Il Divo en natuurlik Il Volo.

YouTube
Luister hier

Stokperdjies: Ek LOVE die skoonheid van die lewe! Ek waardeer enige iets moois geskep deur God en die mensdom. Ek omring my graag met mooi. Daarom is 'n "coffee shop" my lekkerste ontspannende bederf met 'n boek, tydskrif of hekel/brei-werk. Ek hou van kuns. Deur dit te waardeer of self te skep (potloodsketse of olieverf). Ek is 'n ou siel. Ek hekel, brei en doen graag tapeserie voor die TV. Ek hou daarvan om nuwe resepte uit te toets.

Opgradering van Arbor

Soos julle reeds gesien het, is die opgradering van die pophuis-area klaar! Ons kleuters speel sommer heerlik in ons Plaaswerf-area. Daar is 'n klein "motorhuis" en 'n dierehokkie vir die kleuters gebou, ses lemoenbome geplant, groente en kruie in die mooiste bakke, en nog vele meer! Die kleuters speel op 'n rotasiebasis op die plaaswerf, en daar word 'n verskeidenheid aktiwiteite daar aangebied - van tuinbou tot houtwerk!

Ons het ook ons kasteel-area opgradeer. Daar is 'n nuwe dakkie met mooi wit vlaggies op. Die sloot om die kasteel is ook vlakker gemaak vir waterspel en die area voor die kasteel is mooi gemaak. Ons kleuters speel heerlik in die "nuwe" kasteel.

Ons het ook drie splinternuwe Harpephyllum caffrum (Wildepruimbome) geplant. ‘n Wildepruimboom is ‘n boom wat baie vining groei. Hierdie bome kan tot 12 m hoog word. Dit dra ook bessies wat voëltjies en diere kan eet. Die stam van ‘n wildepruimboom kan gebruik word om verskeie veltoestande soos ekseem te behandel.

Arbor het ‘n splinternuwe seil by die fietsiebaan opgesit en ook by Die Nessie se speelarea. Die seile by die personeel se parkering is ook oorgedoen.

Gedurende 2024 het Arbor ook Die Nessie se speelarea opgradeer. Daar is ‘n sandput, glyplank, klein trampolien, ‘n leertjie, verskillende swaaie en ‘n lekker heuwel met vashou plek vir die babas en peuters om op te klim. Die maatjies speel heerlik in hierdie speelarea!

Ons Troetelbos Nasorg en Tuiswerk-sentrum het volstoom afgeskop.

Troetelbos

Nasorg & Tuiswerk

Ons kleuters en laerskool maatjies geniet elke middag by Arbor.

Terwyl ons junior-kleuters lekker saam met Juf. Mandie en Juf. Nicolene speel, speel ons senior-kleuters en graad R maatjies lekker saam met Tannie Melissa. Juf. Carné doen tuiswerk met die graad 1, 2 en 3 maatjies, en Juf. Lenka met die graad 4, 5, 6 en 7 leerders van 14:00 to 16:00.

Oud-Arbor leerders

Arbor is baie trots op ons al ons oud-Arbor leerders wat hul Laerskool loopbaan voltooi het en nou in die hoërskool is. Ons wens vir julle alle sterkte toe met hierdie nuwe wonderlike fase in julle lewe!

Ons is ook baie trots op al ons oud-Arbor leerders met hulle uitstekende matriekuitslae. Ons weet julle gaan suksesvolle loopbane hê.

Ons wens dan ook alle sterkte toe aan al ons oud-Arbor maatjies wat hierdie jaar graad R, graad 1 en matriek is. Graad R en graad 1 maatjies - hierdie is die begin van ‘n ongelooflike nuwe avontuur vir julle! Matrieks, geniet die laaste jaar van julle hoërskool loopbaan!
Ons is BAIE trots op Triston Mashele en Taylor Baloyi, ons eie Marvie se kinders.

Triston, ‘n oud-Arbor-leerder, wat toe in Laerskool Fairland was, het hierdie jaar met sy matriekloopbaan begin by Hoërskool Louis Trichardt. Ons wens hom alle sukses toe met sy laaste jaar van sy skoolloopbaan.

Taylor, Marvie se dogtertjie het hierdie jaar ook graad R by Laerskool Fairland begin. Ons wens haar ook alle voorspoef toe saam met haar skoolloopbaan saam met al haar oud-Arbor-maatjies.

Klas Mammas

Die Nessie
Doritha Nieuwoudt en
Rolandi Mostert

Denneklas
Yolandi Buys en
Elizma Grey

Geelhoutklas
Tanya Huysamen en
Lizanne Maree.
Hulp: Sandra Heap

Eikeklas
Shirleen Theisinger en
Unine van Rooyen
Hulp: Carmia Barnard en
Corinne Prins

Kareeklas
Mignette Jooste en
Janine Myburgh

Jakarandaklas
Christine Fischer en
Amé Bell

Sederklas
Bea da Costa en
Cherene Cilliers
Hulp: Maricel Oosthuysen

Wilgerklas
Annika Levendis en
Mareet Oosthuizen
Hulp: Minette Keeve en
Christine Matthysen

Baie dankie aan al hierdie mammas wat bereid is om klasmammas te wees. Om julle tyd en energie vir Arbor te gee, is ‘n geskenk wat ons nêrens kan koop nie. ‘n Spesiale dankie dan ook aan Rozelle Gaie wat ons klasmaverteenwoordiger is.

niche

NICHE is die wonderlike nuwe mediese sentrum wat regoorkant Arbor oopgemaak het!

nibble

NIBBLE, Niche se koffiewinkel, het ons maatjies kom bederf met heeeeerlike “Nibblechinnos”.

Baie dankie aan Juf. Carné vir Episode 1 van Eenkeer om die son

Arbor
Fairland Pre-Primêr